NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

28 Julie 2021

VAN: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

AAN: Ringskommissies
Predikante
Kerkrade

**ADV OMGEE 4 VAN 2021**

Broers en susters

## ***Word Warm* projek**

Die Kommissie van die ADV is baie opgewonde om die ***Word Warm***-projek aan u bekend te stel. Die doel met die projek is om, gehoorsaam aan ons Christelike roeping tot barmhartigheid, oor die wydte van die NHKA, die winterkoue vir dié wat blootgestel is te verlig deur 'n verskeidenheid items wat mense help om warm te word, te skenk aan dié in nood.

Die volgende 5 doelwitte is vir die projek gestel:

1. Deelname deur al die gemeentes in die NHKA
2. 50 000 Word Warm-items
3. Persoonlike kontak
4. Hande vat met ons diensorgane, ander kerke, skole en organisasies in ons gemeenskappe
5. Beplan om hierdie projek 'n jaarlikse instelling te maak

Dit klink dalk na ambisieuse doelwitte, maar ons is daarvan oortuig dat dit haalbaar is. Ons wil u dus met hierdie skrywe uitnooi om deel te word van die projek. Die impak wat ons in ons gemeenskappe kan hê, is geweldig – soveel te meer as dit oor die wydte van die Kerk gebeur.

Daar is 3 hulpbronne wat ons op hierdie stadium tot u beskikking kan stel:

- Aangeheg by hierdie skrywe is 'n dokument wat die beplanning van die projek in baie meer detail uiteensit.
- Tydens die webinar van 22 Julie 2021 is gehandel oor die projek, vanaf 37:51 tot 53:37. Die webinar kan gekyk word by https://youtu.be/YH05KNnTwpY.
- Daar is 'n kort bekendstellingsvideo wat ideaal is om met u lidmate te deel. Dit is beskikbaar by https://youtu.be/xb91Jo667PY.

Om die administrasie van die projek te kan doen, het ons eerstens u gemeente se verteenwoordigers se besonderhede nodig. Voltooi asb die onderstaande tabel en stuur dit aan my by gerhard@diakens.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| **Gemeente** | | |
| **Gemeentenaam** | | **Ring** |
| | | |
| | | |
| **Projekleier** | | |
| **Naam** | **Selfoonnommer** | **E-posadres** |
| | | |
| | | |
| **Predikant** | | |
| **Naam** | **Selfoonnommer** | **E-posadres** |
| | | |
| | | |
| **Addisionele kontakpersoon** | | |
| **Naam** | **Selfoonnommer** | **E-posadres** |
| | | |

Baie dankie vir u positiewe oorweging hiervan. U is welkom om my te kontak met enige vrae. Ek is verder bereid om met u gemeente hieroor te gesels (virtueel vir nou).

Saam in diens



**Ds Gerhard Stoltz**
Sekretaris: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

012 322 8885 uitbr 3111
gerhard@diakens.co.za

***Ons dien, gehoorsaam aan God.***